NUUSBRIEF

Nasionale Prysuitdeling
Uitgawe 4 • September 2008

Inhoudsopgawe

- **Nasionale Prysuitdeling**
- **Aanmeld van skole**
- **Toekennings en pryse**
- **Foto's**
- **Katalogus**
- **Wenners**
- **NB Inligting**

❖ NASIONALE PRYSUITDELINGSGELEENTHEID

Datum: 13 September 2008
Plek: Normaalsaal, UP
Groenkloofkampus

Sien asb. die aangehegte program. Die program is onderhewig aan verandering.

ALLE LEERDERS, VERAL DIE WENNERS, MOET ASB. IN SKOOLDRAG WEES!

❖ AANMELD VAN SKOLE

Die skole meld asb. aan op die gegewe tyd (sien program hiermee saam). Die leerders moet asb. nie individueel aanmeld nie, maar per skool! Die onderwysers of skoolkontakpersone ontvang dan 'n koevert met die sertifikate en medaljes.

Indien die kontakpersoon nie teenwoordig is nie, sal dit gepos word. Indien 'n ouer 'n brief op 'n amptelike briefhoof van die skool kan verskaf, sal die sertifikate en medaljes aan die ouer oorhandig word. **GEEN SERTIFIKATE EN MEDALJES WORD AAN LEERDERS OORHANDIG NIE!**

❖ TOEKENNINGS EN PRYSE

Kategoriewennerspryse en beoordelaarspryse sal tydens die funksie uitgedeel word (tesame met die wenners se medaljes en sertifikate). Die wenskole ontvang kontantpryse en wisseltrofees.

❖ FOTO'S

Leerders en onderwysers wat wil laat foto's neem moet **R20** per foto saambring. Die fotograaf sal soos elke jaar beskikbaar wees vir individuele en groepfoto's. **GEEN foto's sal geneem word alvorens die betaling eers ontvang is nie.**

❖ KATALOGUS

Die katalogus sal beskikbaar wees op die Afrikaans-Ekspo webwerf indien enige iemand daarna wil verwys: www.afrikaansekspo.org.za

❖ WENNERS

Verwys na die aangehegte lys van leerderfinaliste. **Die wenners moet asb. die funksie bywoon, indien moontlik.** Die wenners moet voor in die saal sit waar hulle sitplekke gereserveer is. Op elke stoel sal die leerder se naam staan.

❖ DIE VOLGENDE INLIGTING IS VAN UITERSTE BELANG! (verwys ook na Nuusbrief 3 van 2008)

Nasionale Sertifikate

Die Afrikaans-Ekspo neem vanjaar GEEN verantwoordelikheid vir leerders se name wat **VERKEERD** gespel is op die sertifikate **NIE**. Onderwysers moes, soos reeds versoek in Nuusbrief 3 van 2008, dit deurgegee het aan Chrisna. **GEEN sertifikate sal heruitgereik word** in die geval nie.

Bywoning van Nasionale Funksie

Wenners word skriftelik genooi en die verantwoordelike onderwyser moet voor/op Donderdag 11 September 2008 antwoord watter leerders die funksie gaan bywoon al dan nie. Indien ons nie 'n lys van leerders wat wel gaan bywoon of dit nie kan maak nie, ontvang soos aangedui op die uitnodiging nie, **sal daar NIE voorsiening vir daardie leerders by die prysuitdeling gemaak word NIE**. Die Ekspo-bestuur sal beskik oor 'n lys van leerders se name wat wel gaan bywoon. Indien 'n leerder opdaag en sy of haar naam is nie daarop nie, kan ons nie daardie leerder onvoorbereid akkommodeer nie. Dit gebeur elke jaar dat leerders sonder ons wete opdaag, en buiten dat ons in 'n verleentheid geplaas word, veroorsaak dit telkemale 'n onaangenaamheid waarvoor die Ekspo-bestuur beslis nie verantwoordelikheid kan neem nie.